

Gereformeerde Kerk Bellville – 20 Desember 2015 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 3-1:1, 2 (51:1, 2)

- 1 Die volk wat in die donker wandel, / oor hulle het 'n lig geskyn;
Die Christus, Lig oor alle lande, / laat angs en duisternis verdwyn!
U het die volk vermenigvuldig; / hul vreugde het U groot gemaak.
Soos in die oestyd juig hul vrolik / waar hul mét U oorwinning smaak.
- 2 Die juk wat swaar op ons gedruk het, / het U met wondermag verbreek.
Die vyande wat ons verskrik het, / verdwyn wanneer u almag spreek:
'n Kind is vir u volk gebore, / 'n Seun het U aan ons gegee –
Die heerskappy is op sy skouer, / met mag en eer is Hy bekleed.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 100:1, 2, 3, 4 (p.494)

- | | |
|--|---|
| 1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER! Dien God met blydskap, gee Hom eer; kom nader voor sy aangesig, en prys Hom met 'n lofgedig! | 2 Die HEER is God, erken dat Hy 'n eie volk vir Hom berei, 'n volk om Hom te dien en vrees en skape van sy wei te wees. |
| 3 Gaan deur sy poorte in met lof, met lofsang in sy tempelhof; kom in sy huis, o bondsvolk, saam; verhef sy lof en prys sy Naam. | 4 Want goedertieren is die HEER; sy goedheid eindig nimmermeer; sy trou en waarheid hou hul krag tot in die laaste nageslag. |

Gebed

Psalm 51:3, 5 (p. 261)

- 3 Dis nie dié sonde^{en} alleen wat roep om straf: / ek is in ongeregtigheid gebore,
en lê voor U in doemskuld gans verlore / al van die uur van my ontvang'nis af.
U eis is waarheid in my binnest', HEER; / en ek is tot my wesensgrond toe skuldig!
Daal af in my verborge diepte^{en} leer / my daar u wysheid, diep en menigvuldig.
- 5 Verberg u oog, die vlammelig wat oor / my sonde brand en speur deur al my lede.
Was weg, delg uit my ongeregtighede, / herskep my hart wat wegding uit u spoor.
Gee my opnuut, o HEER, 'n vaste gees, / dat ek nie só weer van u baan mag gly nie!
Laat my voor U tog geen verstootling wees, / en neem u goeie Gees nie weg van my nie.

Skriflesing: Genesis 1:26-31; 2:15-17; 3:1-12; Efesiërs 2:1-10;
Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3 en 4, Artikel 1

Kernvers: Genesis 1:27; 3:10; Efesiërs 2:1-2

**En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy
hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.**
(Genesis 1:27 AFR53)

**En hy antwoord: Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek
is naak; daarom het ek my verberg.**
(Genesis 3:10 AFR53)

**En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die
sondes waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie
wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat
nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk.**
(Efesiërs 2:1-2 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 3 en 4, Artikel 1

Die mens is van die begin af na die beeld van God geskep. Verstandelik was hy toegerus met ware en heilsame kennis van sy Skepper en van geestelike sake. In sy wil en hart was hy met geregtigheid toegerus, en sy hele gesindheid was suiwer. Hy was dus volkome heilig. Maar deur die ingewing van die duiwel en uit sy eie vrye wil, het hy hom van God losgeskeur en homself van hierdie uitnemende gawes beroof. Daarenteen, het hy in die plek daarvan oor homself gebring: blindheid, verskriklike duisternis, ydelheid en verdorwenheid van ver-standelike oordeel, boosheid, rebellie en hardheid van sy wil en hart sowel as onsuiverheid van sy hele gesindheid.

Vooraf

Twee sake vooraf: 1) 'n Terugblik om agter te kom waar ons nou staan, en 2) die rede hoekom ons van hoofstuk 3 en 4 praat.

Ons het nou al twee hoofstukke van die Dordtse Leerreëls bestudeer. 'n Terugblik het die voordeel dat ons die groot lyn kan raaksien in die samestelling van hierdie belydenisskrif.

Hoofstuk 1 handel oor die verkiesing en die verwerping. In hoofstuk 2 bely ons watter plek Christus se werk in die uitverkiesing het. In hoofstuk 3 gaan dit oor die verdorwenheid van die mens en die bekering tot God. Dus, hoofstuk 1 verduidelik die verkiesing, hoofstuk 2 vestig ons aandag op Christus en die verkiesing, en in hoofstuk 3 en 4 bely ons oor die mens en die verkiesing. Of anders gesê: Hoofstuk 1 gaan oor God die Vader en die verkiesing, hoofstuk 2 oor God die Seun en die verkiesing, en hoofstuk 3 en 4 oor God die Heilige Gees en die verkiesing, want die Heilige Gees is in besonder werksaam wanneer dit kom by die bekering van die mens.

Ons Dordtse Leerreëls bestaan uit vyf hoofstukke. In elkeen van hierdie hoofstukke word die ware leer – soos wat die Here dit vir ons in die Skrif openbaar – gestel teenoor die dwalings wat gedurende die sestiende eeu veld gewen het en die kerke in Nederland verontrus het. Die Remonstrante – dit is hoe die mense genoem is wat die dwaalleer verkondig het – het hulle leerstellings in vyf artikels opgestel – daarvandaan dan die vyf hoofstukke in ons Dordtse Leerreëls. Toe die ware leer teenoor die derde artikel van die Remonstrante opgestel is, het ons vaders opgemerk dat dit nie onafhanklik van die vierde artikel gedoen kan word nie. Die derde artikel van die Remonstrante klink met die eerste aanhoor Skrif-tuurlik. Maar wanneer die vierde artikel daarmee saam gelees word, val die hele kaartehuis van die Remonstrante se dwaling in duie.

So klink die twee artikels van die Remonstrante:

Artikel 3

Ons glo dat die mens nie die regverdigmakende en saligmakende geloof in homself het nie. Ook kan hy nie deur sy krag van sy vrye wil die dinge wat werklik goed is bedink, wil of doen, aangesien hy in 'n toestand van verval in die sonde is. Maar dit is noodsaaklik dat hy vernuwe word deur God in Christus deur die werk van die Heilige Gees. En wanneer hy vernuwe is in verstaan, gesindheid en wil, sal hy die dinge wat werklik goed is reg kan verstaan, bedink, wil en uitvoer ooreenkomstig Christus se woorde in Johannes 15:5 – Sonder My kan julle niks doen nie.

Artikel 4

Ons glo dat hierdie genade van God die begin, voortgang en voleindiging is van alle goeie dinge. Ook in soverre dit die vernuwe mens aangaan kan hy nie sonder hierdie volgehoue en samewerkende genade dink, wil en doen wat goed is nie of die verleidings van die bose weerstaan nie, sodat alle goeie werke aan die genade van God in Christus toegeskryf moet word. Maar wat die werkswyse van hierdie genade betref, dit is nie onweerstaanbaar nie, aangesien dit geskryf staan in Handeling 7 en op baie ander plekke dat baie mense die Heilige Gees weerstaan het.

Dit is veral hierdie laaste sin wat 'n mens laat frons oor die leer van die Remonstrante. Met daardie laaste sin sê hulle dat God genade skenk, maar die mens kan dit weerstaan. Agter daardie stelling is die gedagte dat die mens in staat is om God magteloos te maak wanneer Hy sy genade aan die mens skenk. Dit wil sê, die mens is nie dood in sy sonde nie, maar nog lewendig. Wel kruppel en sieklik vanweë die sonde, maar tog lewendig.

Omdat die Remonstrante nie wil aanvaar dat die mens dood is in sy sonde nie, moet artikel 3 en 4 van die Remonstrante saam in die DL hoofstuk 3 en 4 in behandeling geneem word. Vanuit die Skrif bely ons hoe verskriklik diep die mens in die sonde geval het en wat die gevolge daarvan is en daaruit kom 'n mens agter of die mens wel in staat is om God se genade te weerstaan. Daarom die opskrif by hoofstuk 3 en 4: *Die verdorwendheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind*

Tema: Die mens – toe en nou

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, daar is baie dinge wat ons leer ken en verstaan wanneer ons dit in kontras met ander dinge sien. Ons verstaan liefde beter as ons dit in vergelyking met haat sien. As 'n mens nie haat langs liefde plaas nie, maar die begrip "ek hou van" langs liefde, sal 'n mens nie liefde so goed ken nie.

Wanneer 'n mens 'n geldige en verantwoordelike begrip van die mens wil hê, moet 'n mens ook nie die mens bestudeer in die leeftyd waarin ons nou al is nie. In hierdie lewe ken ons net die mens soos wat hy geword het na die sondeval. Wanneer 'n mens die een mens langs die ander een plaas dan sit jy eintlik twee van dieselfde langs mekaar. Dit is twee sondaars wat langs mekaar is. Die verskille tussen hulle is maar klein. Gevolglik maak mense dan afleidings dat een groep mense beter as 'n ander groep mense is omdat hulle vel wit is en hulle hare nie so gekroes is soos die ander nie. Dit is wanneer sondaars hulle met ander sondaars vergelyk dat hulle in hulle eie oë heilig begin lyk. Onthou maar hoe heilig en goed die Fariseër in sy eie oë was toe hy hom met die tollenaar vergelyk het (Luk 18:9-14).

Daarom, geliefdes, moet ons nie die mens nou in hierdie lewe begin bestudeer en afleidings maak oor sy posisie voor die Here nie. Mense wil nie hulleself as verkeerd en boos sien nie. Vra maar vir enige mens of hy sleg is. Omdat die mens homself as 'n goeie of 'n redelik goeie mens beskou, veronderstel hy dat hy aanspraak kan maak op die Here se genade. En wat die mens van homself dink, dra hy ook op die Here oor. Hy wil net hoor dat God 'n goeie en liefdevolle God is, soos wat hy as mens is. Daarom moet die Here hom as mens liefhê en versorg. En as die Here dit nie doen soos wat hy in gebed vir die Here gevra het nie, is hy kwaad vir die Here.

As ons regtig die mens se plek nou voor die Here wil verstaan, moet ons vir die Skepper van die mens self gaan vra: Here, hoe het U die mens gemaak? Hoe het die mens gelyk wat op daardie eerste dag voor U gestaan het toe U die lewensasem in sy neus geblaas

het? Broers, susters en kinders, wanneer ons deur die verligting van die Heilige Gees die mens gesien het soos wat God hom geskep het en ons sien hom in vergelyking met hoe ons mense nou is, sal ons regtig die onuitspreeklike groot geduld en genade van die Here kan begin verstaan. Dan sal ons die onbeskryflike liefde van Christus na waarde kan ag.

Luister hoe sê die Here het Hy die mens geskep:

En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. (Genesis 1:27 AFR53)

Dat mens na die beeld en gelykenis van God geskep is beteken nie dat die mens soos God lyk nie maar eerder dat die mens na God se beeld geskep is om Hom op die aarde te verteenwoordig. Dit is soos die ambassadeur van 'n land – hy verteenwoordig die land en sy mense in die vreemde land. Die begrip *beeld* veronderstel dan dat die mens 'n amp beklee; hy het 'n taak wat hy in diens van die Here op die aarde moet verrig.

Die Here verwoord hierdie amp en taak van die mens wanneer Hy sê dat mens oor die diere, die voëls, visse en plante moet heers. Hulle moet oor die skepsels regeer sodat alles die lof en die heerlijkheid van God die Skepper kan besing.

Op die aarde het die Here 'n tuin aangeplant waarin die mens kon lewe. Die Here het aan die mens die opdrag gegee om hierdie tuin te versorg en daarvoor te regeer. Omdat God die mens na sy beeld geskape het, moes hy dus hierdie opdrag van hom so uitvoer sodat elke skepsel God kon leer ken deur die mens, want die mens verteenwoordig mos vir God op aarde. Die Here het hierdie mens van Hom toegerus met volmaakte gawes – eienskappe van die Here self – sodat hy sy opdrag as beeld van God honderd persent kon uitvoer.

In die Skrif maak die Here vir ons duidelik wat hierdie gawes is waarmee Hy die mens toegerus het. Wanneer Christus na hierdie wêreld kom, hoor ons dat Hy die volmaakte beeld van God is. God is met sy volle wese in Christus (Kol 1:15, 19). As Christus het die Seun van God die opdrag om die uitverkorenes wat die Vader aan Hom gegee het te kom verlos deur hulle skuld aan die kruis te betaal en sodoende die beeld van God in hulle te herskep – die beeld wat hulle weens hulle sonde verloor het. En dan lees ons in Kolossense 3:10 dat die mense wat verlos is deur Christus **vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper**. En in Efesiërs 4:24 word daar nog iets oor die nuwe mens gesê – die mens **wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid**.

Die gawes waarmee God sy mens toegerus het om beeld van God te wees, is dus kennis, geregtigheid en heiligheid. Hierdie drie gawes moenie van mekaar geskei word nie, maar kan wel onderskei word. In sy amp as beeld van God moet die mens kennis, geregtigheid en heiligheid in al sy woorde en werke openbaar. Dit is wat ons hier in artikel 1 ook bely: ***Die mens is van die begin af na die beeld van God geskep. Verstandelik was hy toegerus met ware en heilsame kennis van sy Skepper en van geestelike sake. In sy wil en hart was hy met geregtigheid toegerus, en sy hele gesindheid was suiwer. Hy was dus volkome heilig.***

Omdat die mens met ware kennis toegerus is, was hy dus 'n ware profeet wat God met sy verstand reg geken het. Die mens het God so reg geken dat sy wil met God se wil ooreengestem het. Toegerus met ware geregtigheid was die mens 'n waardige onderkoning van die Koning. In volmaakte geregtigheid kon die mens oor die skepping regeer. En toegerus met ware heiligheid was die mens 'n volmaakte priester wat sy God gedien het met volmaakte liefde.

Die mens wat God dus geskep het was volmaak heilig, want God het hom na sy beeld geskep en God self is volmaak heilig. Niks en niemand moet enige twyfel hê oor hoe die Here is wanneer hy met die mens van God te doen kry nie. Daar was dus nie die geringste neiging in die mens om teen God op te tree nie. Die mens was ten volle daarop ingestel om God te dien, lief te hê en te prys.

Maar ... en hier kom die kontras nou: **Maar deur die ingewing van die duiwel en uit sy eie vrye wil, het hy hom van God losgeskeur en homself van hierdie uitnemende gawes beroof.** As ware onderkoning moes die mens oor die slang geheers het, want hy het die ware geregtigheid gehad. As ware profeet het hy die ware kennis van God en God se wil gehad en geweet hoe hy God behoort te dien. Maar uit sy eie vrye wil het die mens besluit om na die blatante leuens van die duiwel te luister en daarvolgens te handel. In plaas daarvan om die ware kennis wat hy het aan te wend smyt hy dit eenkant, want die duiwel belowe dan 'n ander soort kennis – kennis wat hom blykbaar gelyk aan God sal maak deur-dat hy alles sal kan ken, so asof daar iets meer en beter is om te ken as vir God en sy wil.

In ons Heilbergse Kategismus en Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons in meer detail aangaande die sondeval. Daarom noem ons die sondeval net in die een sinnetjie hier. Waarby ons eintlik wil uitkom in artikel 1 is om te sien hoe die mens regtig nou lyk. Hoe sleg het die mens regtig geword vanweë die sondeval? Die Here gee self vir ons sy siening van hoe sleg die mens geword het. In Genesis 6 staan dit geskryf:

Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in sy hart.
(Genesis 6:5-6 AFR53)

Let op hoe stapel die een woord op die ander om te sê hoe sleg die mens regtig geword het. Die mens se **boosheid is groot** en alles wat hy **in sy hart bedink is altyddeur net sleg**. Daar is nie meer ware kennis, geregtigheid of heiligheid in die mens te vind nie. Dit is weg, want hy het dit weggegooi toe hy dit gehad het. En die sogenaamde kennis wat die duiwel aan die mens beloof het? Ja, daarvan het net mooi niks gekom nie. Kyk wat het die mens nou: **blindheid, verskriklike duisternis, ydelheid en verdorwenheid van verstandelike oordeel, boosheid, rebellie en hardheid van wil en hart sowel as onsuiverheid van sy hele gesindheid.**

Waar die mens voor die sondeval honderd persent daarop ingestel was om sy God lief te hê en te dien, is die mens na die sondeval honderd persent daarop ingestel om presies te doen wat die duiwel wil hê en dit is om geheel en al niks met God te doen te wil hê nie. Tussen goed en kwaad kan die mens nie meer onderskei nie, want hy verkeer in die verskriklikste duisternis. In sy verstand is hy so blind dat hy nie meer die genade van die Here kan raaksien nie. Toe Adam en Eva nog die geluid van die Here gehoor het, het hulle weggevlug, want hulle het die Here gewantrou.

Die mens het geheel en al ydel geword. Wat hy ook al doen, doen hy vir homself. Vir die mens gaan dit in hierdie lewe net oor sy eie belange, sy eie eer en roem. Daarom kan en wil hy nie regverdig optree nie, want hy vrees dat hy homself te na sal kom. In sy verstandelike oordeel is die mens so sleg dat hy selfs iets wat reg is verkeerd kan noem en wat verkeerd is noem hy reg, solank hyself heelyd bevoordeel word. Die mens se hele gesindheid is onsuiver, want hy is dood in die sonde. Daar het nie 'n greintjie goed in die mens oorgebly nie.

Daarom is dit nie 'n kwessie dat die mens God se genade nou verwerp nie. Hy sien dit nie raak wanneer die Here dit openbaar nie. Hy hoor iets, maar herken nie meer die stem van sy goeie God nie, want iemand wat dood is in die sonde kan nie sien of hoor nie. Laat ons daarom wegdoen met die gedagte dat die mens deur sy omstandighede tot verkeerde dade gedwing word of dat die sonde geleë is in die gebrek aan opvoeding of gesondheid of geld. Dit is nie die omstandighede buite die mens wat hom sleg laat word nie. Hy is in sy wese sleg en daarom maak hy sy omstandighede al slegter. Uit hierdie maalkolk van boosheid kom geen mens uit nie. Die sonde wat hy gedink het vir hom 'n beter toekoms sou gee as wat die Here reeds aan hom gegee het, suig hom net al dieper en dieper in die doderyk in.

Dit is nie net sommige mense wat in hierdie donker maalkolk van dood vasgevang is nie. So was ons almal, sê Paulus. Maar God is ryk in barmhartigheid. Hy het juis sulke afskuwelike mense lief. Hy het hulle so hartstogtelik lief dat sy Seun wat die volmaakte beeld van God is en volmaak die opdrag kan uitvoer Homself in hierdie duisternis kom begewe. Net Hy kan mense optrek uit hierdie bose maalkolk. Net die Heilige Gees kan blinde oë weer laat sien, dooie harte lewendig maak, en 'n wil wat al verder van God af neig omdraai sodat hy agter Jesus die goeie herder wil aangaan.

Geliefdes, dit is in hierdie kontras wat die Here self vir ons teken dat ons onself regtig leer ken. In hierdie kontras kan ons deur die Heilige Gees die offer van Christus regtig na waarde skat.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 4-4:3, 4, 5 (4:3, 4, 5)

- 3 Maar die engel het geroep: / "Moenie skrik nie, moenie vrees,
want ek boodskap vreugde wat / vir die hele volk sal wees."
"Die Verlosser," juig sy stem, / "is gebore in Betlehem."
- 4 "Hy, die Heer en Christus, lê / – dis die teken van die Kind –
rustig in die voerkrip neer / en in doeke toegebind."
En toe klink 'n lofsang daar / van 'n ganse engelskaar:
- 5 "Eer aan God, die hoogste Heer!" / ruis dit uit 'n stemmese.
"Vrede op aarde, vrede weer!" / En die donker nag ruis mee.
"Welbehae, eind'loos groot, / in die mens, Gods gunsgenoot!"

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
20 Desember 2015